- Pasiënte wie monoamienoksidase inhibeerders (MAOIs) gebruik of binne 14 dae na die beëindiging van MAOI-behandeling.
- Pasiënte met hipersensitiwiteit vir NSAIMs, insluitende pasiënte in wie asma-aanvalle, angio-edeem, urtikarie of rinitis deur aspirien aangebring word.
- Swanger of lakterende vroue (sien **"SWANGERSKAP EN LAKTASIE"**) of in kinders onder die ouderdom van 12 jaar.
- Pasiënte met aktiewe of 'n geskiedenis van terugkerende ulkus / bloeding / perforasies.
- Pasiënte met 'n geskiedenis van gastro-intestinale bloeding, ulserasie of perforasie (PUBs) as gevolg van vorige NSAIMs, insluitende **IBUMAX COLD AND FLU**.

WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS:
Pasiënte wie tans monoamienoksidase inhibeerders (sien **"KONTRA-INDIKASIES"**) of ander medisyne vir psigiatriese of emosionele toestande, depressie of hipertensie neem, moenie **IBUMAX COLD AND FLU** tablette neem voordat hulle dit met hulle dokter of apteker bespreek het nie.

IBUMAX COLD AND FLU tablette moenie aan pasiënte met hipertiroïdisme, feochromositoom, vergrote prostaat, kardiovaskulêre siekte soos iskemiese hartsiekte, disritmie of tagikardie, okklusiewe vaskulêre afwykings insluitende arteriosklerose, hipertensie of aneurismes, diabetes mellitus of nou-hoek gloukoom gegee word nie.
In pasiënte met angina pectoris kan angina pyn ontlok word.

As gevolg van **IBUMAX COLD AND FLU** se inherente potensiaal om vloeistofretensie en edeem te veroorsaak, kan hartversaking in sommige pasiënte gepresipiteer word. Omsigtigheid is nodig in pasiënte met 'n geskiedenis van hipertensie en/of hartversaking.

IBUMAX COLD AND FLU tablette moet met omsigtigheid in pasiënte gebruik word wie digoksien, guanidien of trisikliese antidepressante neem of in pasiënte wie narkose met gehalogeneerde narkosemiddels ondergaan (sien **"INTERAKSIES"**).

Bejaardes het 'n verhoogde frekwensie van ongewenste reaksies vanweë NSAIMs, insluitende **IBUMAX COLD AND FLU**, veral gastro-intestinale bloeding, ulserasie en perforasie (PUBs), wat noodlottig kan wees.

Die risiko vir gastro-intestinale bloeding of perforasie (PUBs) is hoër met toenemende dosisse van **IBUMAX COLD AND FLU**, in pasiënte met 'n geskiedenis van ulkusse en in bejaardes.

Indien gastro-intestinale bloeding of ulserasie in pasiënte wie **IBUMAX COLD AND FLU** neem voorkom, moet behandeling met **IBUMAX COLD AND FLU** gestaak word.

IBUMAX COLD AND FLU moet met omsigtigheid aan pasiënte met 'n geskiedenis van gastro-intestinale siekte (bv. ulseratiewe kolitis, Crohn se siekte, hiatusbreuk, gastro-esofageale refluksiekte, angiodisplasie) gegee word, aangesien die toestand vererger kan word.

Ernstige velreaksies, waarvan sommige noodlottig was, insluitende eksfoliatiewe dermatitis, Stevens-Johnson sindroom en toksiese epidermale nekrolise, was gemeld. **IBUMAX COLD AND FLU** moet met die eerste teken van veluitslag, slymvliesletsels of enige ander teken van hipersensitiwiteit gestaak word.

IBUMAX COLD AND FLU bevat laktose. Die gebruik daarvan is nie aanbeveel in pasiënte met galaktose onverdraagsaamheid, die Lapp laktase tekort of glukose of galaktose wanabsorpsiesindroom nie.

Effekte op die vermoë om te bestuur en om masjinerie te gebruik:
IBUMAX COLD AND FLU kan 'n geringe tot matige invloed op 'n pasiënt se vermoë om te bestuur of masjinerie te gebruik, uitoefen. **IBUMAX COLD AND FLU** kan duiseligheid, dubbele of dowwe visie, veranderinge in kleurpersepsie of ander visuele versteurings veroorsaak. Pasiënte moet aangeraai word om nie 'n motor te bestuur of masjinerie te gebruik totdat hulle weet hoe **IBUMAX COLD AND FLU** hulle affekteer nie.

INTERAKSIES:
Ibuprofeen:
- NSAIMs: die gelyktydige gebruik van twee of meer NSAIMs, insluitende aspirien, moet vermy word aangesien dit tot 'n toename in newe-effekte kan lei.
- Kortikosteroïede: daar is 'n verhoogde risiko vir gastro-intestinale ulserasie of bloeding wanneer ibuprofeen, soos in **IBUMAX COLD AND FLU**, saam met kortikosteroïede gebruik word.
- Bloedverdunners (warfarien): ibuprofeen kan die effekte van antistolmiddels, soos warfarien en fenielbutasoon, verhoog.
- Litium, metotreksaat en digoksien: ibuprofeen kan 'n toename in die plasmakonsentrasies van hierdie middels veroorsaak.
- Antiplaatjiemiddels, soos klopidogrel en selektiewe serotonien heropname inhibeerders (SSRIs): daar is 'n verhoogde risiko vir gastro-intestinale bloeding wanneer ibuprofeen saam met hierdie middels toegedien word.
- Die serotonien norepinefrien heropname inhibeerder (SNRI) venlafaksien, sibutramien, bisfosfonate, erlotinib, pentoksifillien: die risiko vir gastro-intestinale bloeding is verhoog wanneer ibuprofeen saam met hierdie geneesmiddels gebruik word.
- Sidovudien: daar kan 'n verhoogde risiko vir hematotoksisiteit wees indien sidovudien met ibuprofeen gebruik word.
- Ritonavir: ritonavir kan die plasmakonsentrasie van ibuprofeen verhoog.

Pseudoefedrien:
- As gevolg van die potensiaal vir pseudoefedrien om 'n hipertensiewe krisis te veroorsaak in pasiënte wie MAOIs neem, insluitende die omkeerbare inhibeerders van monoamienoksidase tipe-A (RIMA), is die gebruik van **IBUMAX COLD AND FLU** saam met fenelsien of moklobemied teenaangedui (sien **"KONTRA-INDIKASIES"**).
- 'n Verhoogde risiko vir disritmieë kan voorkom as pseudoefedrien aan pasiënte wie digoksien, kinidien of trisikliese antidepressante gebruik, gegee word en daar is 'n verhoogde risiko vir vasokonstriktoriese of bloeddruk-verhogende effekte in pasiënte wie ergotalkaloïede of oksitosien gebruik.
- Aluminiumhidroksied mengsel kan die absorpsietempo van pseudoefedrien verhoog, terwyl kaolien die absorpsietempo verminder.

Algemeen:
Die werking van antihipertensiewe middels kan omgekeer word en daarom word spesiale sorg aanbeveel in pasiënte wie gesamentlik antihipertensiewe terapie gebruik.

Interaksies met geneesmiddels wat alfa- en beta-reseptore blokkeer kan ingewikkeld wees.

Interaksies met reserpien, trisikliese antidepressante, digoksien en alfa-metieldopa is moontlik (sien hierbo).

IBUMAX COLD AND FLU tablette moet met omsigtigheid in pasiënte wie digoksien, guanidien of trisikliese antidepressante neem of in pasiënte wie narkose met gehalogeneerde narkosemiddels ondergaan, gebruik word (sien **"WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS"**).

SWANGERSKAP EN LAKTASIE:
IBUMAX COLD AND FLU moenie deur swanger of lakterende vroue gebruik word nie (sien **"KONTRA-INDIKASIES"**).

Die gebruik van nie-steroïdale anti-inflammatoriese middels (NSAIMs), soos **IBUMAX COLD AND FLU**, gedurende die derde trimester van swangerskap kan tot voortydige sluiting van die fetale ductus arteriosus *in utero* en moontlik tot volgehoue pulmonale hipertensie van die pasgeborene lei. Die aanvang van kraam mag vertraag word en die duur daarvan verleng word.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS:
Volwassenes en kinders ouer as 12 jaar:
Neem altyd die laagste moontlike dosis vir die kortste moontlike duur van behandeling.
Neem een tot twee tablette elke 4 tot 6 uur. Moenie meer as 6 tablette in enige 24-uur-periode neem nie. Neem **IBUMAX COLD AND FLU** altyd met kos of melk.
Adviseer pasiënte om hul dokter te raadpleeg indien simptome vir langer as 3 dae voortduur.

NEWE-EFFEKTE:
IBUPROFEEN:
Infeksies en infestasies:
Frekwensie onbekend: Urienweginfeksie.

Immuunsisteem afwykings:
Minder dikwels: Anafilakse of anafilaktoïede reaksies, angiïtis (vaskulitis) (sien **"Vaskulêre afwykings"**), angio-edeem, brongospastiese allergiese reaksies, hepatotoksisiteit en aseptiese meningitis as gevolg van hipersensitiwiteitsreaksies (sien **"Senusisteem afwykings"** en **"Hepatobiliêre afwykings"**), allergiese rinitis, reaksie soortgelyk aan serumsiekte, sindroom soortgelyk aan sistemiese lupus eritematose.
Frekwensie onbekend: Hipersensitiwiteitsreaksies insluitende koors, asma, veluitslag (sien **"Vel- en subkutane weefselafwykings"**), laringeale edeem as gevolg van 'n allergiese reaksie, Loeffler sindroom (eosinofiliese pneumonitis).

Hematologiese en limfatiese sisteem afwykings:
Minder dikwels: Agranulositose (granulositopenie), anemie, aplastiese anemie (pansitopenie), eosinofilie, hemolitiese anemie, leukopenie (neutropenie), trombositopenie met of sonder purpura.
Frekwensie onbekend: Suiwer witsel-aplasie, beenmurgonderdrukking, gedissemineerde intravaskulêre stolling, ekchimose / kneusing, hipostolbaarheid, petegieë.

Metaboliese en voedingsafwykings:
Minder dikwels: Vloeistofretensie/edeem, hiperkalemie, verminderde eetlus of verlies van eetlus.
Frekwensie onbekend: Hiponatremie, aanhoudende dors, onverklaarbare gewigsverlies.

Psigiatriese afwykings:
Minder dikwels: Hallusinasies, depressie, senuweeagtigheid of prikkelbaarheid.
Frekwensie onbekend: Disoriëntasie, gevoel van depersonalisasie, psigotiese reaksie, angs.

Senusisteem afwykings:
Dikwels: Duiseligheid.
Minder dikwels: Verwarring, aseptiese meningitis (sien **"Immuunsisteem afwykings"**), perifere neuropatie, lomerigheid, moeilike slaap.
Frekwensie onbekend: Konvulsies, disartrie, hoofpyn (insluitende erge hoofpyn, veral soggens), vergeetagtigheid, skeelhoofpyn, sinkopee, tremor of spiertrekkings, ongewone swakheid met geen ander tekens of simptome nie.

Oogafwykings:
Minder dikwels: Toksiese ambliopie, visuele versteurings soos dowwe of dubbele visie, konjunktivitis, droë, geïrriteerde of geswelde oë, skotoom.
Frekwensie onbekend: Veranderinge in visuele kleurpersepsie, korneale ondeursigtigheid, retinale of makulêre versteurings, korneale neerslae, oogpyn, palpebrale edeem, retinale bloeding, fotofobie.

Oor- en labirintafwykings:
Minder dikwels: Verminderde gehoor of enige verandering in gehoor, tinnitus (loei of suising in die ore).
Frekwensie onbekend: Vertigo / lighoofdigheid.

Kardiale afwykings:
Minder dikwels: Disritmieë, kongestiewe hartversaking of verergering daarvan, tagikardie.
Frekwensie onbekend: Angina pectoris of verergering van borskaspyn, perikarditis.

Vaskulêre afwykings:
Minder dikwels: Verhoogde bloeddruk (mag hipertensiewe vlakke bereik), blosing of warmgloede.

Respiratoriese, torakale en mediastinale afwykings:
Minder dikwels: Kortasemheid of moeilike asemhaling, onverklaarbare neusbloeding.
Frekwensie onbekend: Brongospasma in pasiënte met asma, hemoptise, pulmonale edeem.

Gastro-intestinale afwykings:
Dikwels: Geringe tot matige abdominale krampe, pyn of ongemak, geringe tot matige epigastriese pyn of ongemak, sooibrand, naarheid.
Minder dikwels: Gastro-intestinale bloeding of hemorragie, gastro-intestinale perforasie, gastro-intestinale ulserasie, insluitende esofageale, gastriese of peptiese ulserasie, veelvuldige gastro-intestinale ulserasies en perforasie van reeds-bestaande sigmoïedletsels, bv. divertikels, karsinoom, gastritis, gingivale ulserasie, afteuse stomatitis, pankreatitis, opgeblase gevoel of winderigheid, hardlywigheid, diarree, slegte spysvertering, braking, irritasie, droogheid of seerheid van die mond.
Frekwensie onbekend: Peptiese ulkus, dispepsie, kolitis of verergering daarvan, enterokolitis, streeksenteritis of verergering daarvan, buikopsetting, disfagie, esofagitis, gastro-enteritis, glossitis, swelling van die lippe en tong, bitter smaak of ander smaaksteuring.

Hepatobiliêre afwykings:
Minder dikwels: Toksiese hepatitis of geelsug.
Frekwensie onbekend: Hepatitis, lewerversaking, cholestatiese hepatitis of geelsug, verhoogde lewertransaminase waardes in pasiënte met chroniese hepatitis C-infeksie.
Hepatotoksisiteit as gevolg van hipersensitiwiteitsreaksies (sien **"Immuunsisteem afwykings"**).

Vel- en subkutane weefselafwykings:
Minder dikwels: Bulleuse uitbarstings/blase, galbulte en jeuk as gevolg van 'n allergiese reaksie (sien **"Immuunsisteem afwykings"**), eritema multiforme, Stevens-Johnson sindroom (dikwels met hepatotoksisiteit geassosieer), toksiese epidermale nekrolise, fotosensitiewe of foto-allergiese dermatologiese reaksie.
Frekwensie onbekend: Bulleuse leukositoklastiese vaskulitis, ekseem, eksfoliatiewe dermatitis, afskilfering, eritema of ander velverkleuring, eritema nodosum, fotosensitiwiteitsreaksies wat soos porfirie cutanea tarda en epidermolise bullosa voordoen, loslating of afsplyting van vingernaels of ander naelafwyking, vermeerderde sweet.

Muskuloskeletale, bindweefsel- en beenafwykings:
Frekwensie onbekend: Spierkrampe of -pyn, spierswakheid.

Renale en urinêre afwykings:
Minder dikwels: Renale inkorting of versaking, renale papillêre of tubulêre nekrose, hematurie, sistitis, poliurie.
Frekwensie onbekend: Nefrotoksisiteit soos interstisiële nefritis, nefrotiese sindroom, sistitis, glomerulitis of glomerulonefritis, nefrose, oligurie/anurie, toename in serumkreatinien konsentrasie, akute flankpyn, omkeerbare renale disfunksie, blaaspyn, kristalurie, nierstene of ureterale obstruksie, uretritis, disurie, gereelde drang om te urineer, inkontinensie, proteïenurie, sterk-ruikende urine.

Voortplantingstelsel en borsafwykings:
Minder dikwels: Onverklaarbare, onverwagte en/of ongewone swaar menstruele bloeding.

Algemene afwykings:
Frekwensie onbekend: Borskaspyn, koors met of sonder kouekoors, limfadenopatie, algemene gevoel van ongemak of siekte.

PSEUDOEFEDRIEN:
Metaboliese en voedingsafwykings:
Frekwensie onbekend: Veranderde metabolisme, insluitende versteurings van glukosemetabolisme.

Psigiatriese afwykings:
Dikwels: Angs, rusteloosheid.
Minder dikwels: Hallusinasies, veral in kinders.

Senusisteem afwykings:
Dikwels: Slaaploosheid.
Minder dikwels: Konvulsies.

Kardiale afwykings:
Dikwels: Tagikardie.

Respiratoriese, torakale en mediastinale afwykings:
Frekwensie onbekend: Dispnee.

Gastro-intestinale afwykings:
Frekwensie onbekend: Iskemiese kolitis, hipersalivering.

Vel- en subkutane weefselafwykings:
Minder dikwels: Veluitslag.
Frekwensie onbekend: Sweet.

Renale en urinêre afwykings:
Minder dikwels: Urienretensie.
Frekwensie onbekend: Moeilike urinering.

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN:
Epigastriese pyn, naarheid, braking, hoofpyn, angs, dors, prikkelbaarheid, rusteloosheid, sinus tagikardie, koors, vergrote pupille, sweet, hallusinasies, dowwe visie, tremors, spierswakheid, hipertensie, supraventrikulêre en ventrikulêre disritmie, koma, konvulsies en respiratoriese onderdrukking. Gastriese spoeling sal enige ongeabsorbeerde **IBUMAX COLD AND FLU** verwyder indien dit onlangs geneem is en elektroliete kan deur intraveneuse infusie reggestel word, indien nodig.

IDENTIFIKASIE:
Oranje tot geel, gladde, filmbedekte, ronde, bikonkawe tablet.

AANBIEDING:
Kartonhouer met 12, 20 of 24 tablette in stulpverpakte stroke.

BERGINGSINSTRUKSIES:
Hou die stulpverpakte stroke in die buitenste karton totdat dit vir gebruik benodig word.
Berg teen of benede 25 °C.
HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

REGISTRASIENOMMER:
40/5.8/0218

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE:
CIPLA MEDPRO (EDMS) BPK
Gebou 9, Parc du Cap, Mispelstraat,
Bellville, 7530, RSA.

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE VOUBILJET:
09 April 2014

CM530A/SA
7567
Pro-Print

Inligting vir die Pasiënt oor IBUMAX COLD AND FLU TABLETTE

SKEDULERINGSTATUS: S2

EIENDOMSNAAM (EN DOSEERVORM):

IBUMAX COLD AND FLU (Filmbedekte tablette)

Lees hierdie inligtingstuk sorgvuldig deur want dit bevat belangrike inligting vir u. IBUMAX COLD AND FLU is sonder 'n doktersvoorskrif beskikbaar sodat u 'n geringe siekte kan behandel. Nogtans moet u IBUMAX COLD AND FLU versigtig gebruik om die beste resultate daarvan te verkry.
- **Hou hierdie inligtingstuk; dit mag nodig wees om dit later weer te lees.**
- **Raadpleeg u apteker indien u enige verdere navrae het of inligting benodig.**
- **U moet 'n dokter raadpleeg indien u simptome vererger of nie na 3 dae verbeter nie.**

WAT IBUMAX COLD AND FLU BEVAT:
Elke filmbedekte tablet bevat 200 mg ibuprofeen en 30 mg pseudoefedrienhidrochloried.
Onaktiewe bestanddele sluit kolloïdale silikondioksied, natriumkroskarmellose, laktosemonohidraat, magnesiumstearaat, mikrokristallyne sellulose, Opadry geel en natriumlourielsulfaat in.
Bevat laktose.

WAARVOOR IBUMAX COLD AND FLU GEBRUIK WORD:
IBUMAX COLD AND FLU tablette word vir die verligting van verkoue- en griepsimptome, insluitende toeneus, hoofpyn, koors en seerkeel gebruik.

VOORDAT U IBUMAX COLD AND FLU GEBRUIK:
MOENIE IBUMAX COLD AND FLU neem indien:
- U hipersensitief of allergies vir ibuprofeen, pseudoefedrien of enige van die ander komponente van **IBUMAX COLD AND FLU** is nie.
- U met hartversaking gediagnoseer is nie.
- U antidepressante, van die tipe wat monoamienoksidase inhibeerders (MAOIs) genoem word, soos fenelsien of moklobemied, neem of indien u MAOIs binne die afgelope 14 dae geneem het nie (sien **"Neem van ander medisyne saam met IBUMAX COLD AND FLU"**).
- U hipersensitief of allergies vir ander nie-steroïdale anti-inflammatoriese middels, insluitende aspirien, is nie, of indien u voorheen asma, swelling van die gesig, lippe of tong, galbulte of loopneus ervaar het nadat u aspirien geneem het nie.
- U swanger is of borsvoed nie (sien **"Swangerskap en borsvoeding"**).
- U jonger as 12 jaar is nie.
- U onlangs of voorheen met maag- of dermsere, bloeding of perforasies gediagnoseer is nie.
- U 'n geskiedenis van bloeding van die ingewande of maagsere of perforasies van die ingewande, as gevolg van vorige gebruik van nie-steroïdale anti-inflammatoriese middels, insluitende **IBUMAX COLD AND FLU**, het nie.

Neem spesiale sorg met IBUMAX COLD AND FLU:
Indien u tans monoamienoksidase inhibeerders (sien **"MOENIE IBUMAX COLD AND FLU neem indien"**) of ander medisyne vir depressie, psigiatriese of emosionele toestande, of vir hoë bloeddruk neem, moenie **IBUMAX COLD AND FLU** neem voordat u dit nie met u dokter of apteker bespreek het nie.

Indien enige van die volgende toestande op u betrekking het, moet u nie **IBUMAX COLD AND FLU** neem voordat u dit nie met u dokter of apteker bespreek het nie: 'n ooraktiewe skildklier, hartsiektes soos angina (borskaspyn weens onvoldoende bloedtoevoer na die hartspier wat dikwels deur inspanning meegebring word), 'n hartaanval vantevore, 'n abnormale hartritme of vinnige hartklop, abnormale bloedvate met verkalking van u are, ballonagtige uitstulpings van u bloedvate, diabetes mellitus of nou-hoek gloukoom (verhoogde druk binne-in u oog wat tot blindheid kan lei). Bespreek dit asseblief met u dokter of apteker indien u onseker is.

Indien u voorheen met angina gediagnoseer is, kan die gebruik van **IBUMAX COLD AND FLU** 'n angina-aanval veroorsaak.

Bejaarde pasiënte het 'n verhoogde risiko vir die ontwikkeling van newe-effekte as gevolg van **IBUMAX COLD AND FLU**, veral bloeding van die maag of ingewande, maagsere of perforasie van maagsere, wat noodlottig mag wees (sien **"MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE"**). Die risiko vir die ontwikkeling van hierdie newe-effekte is hoër met toenemende dosisse en in pasiënte wie voorheen maagsere gehad het. Indien u bloed of 'n substans wat soos koffiemoer (gemaalde koffiebone) lyk braak, indien daar bloed in u stoelgang is, of as u stoelgang swart, teeragtig en onwelriekend is, moet u onmiddellik ophou om **IBUMAX COLD AND FLU** te neem en dit dringend aan u dokter meld.

Moenie **IBUMAX COLD AND FLU** neem indien u aan 'n siekte / toestand van die ingewande, soos inflammasie van die dun- of dikderm, sooibrand of refluks van maagsuur, ly nie.

Indien u 'n veluitslag (veral indien blase teenwoordig is) of sere in die mond of op die lippe ontwikkel, of indien u swelling van die lippe, gesig of tong, kortasemheid of benoude bors ondervind, moet u onmiddellik ophou om **IBUMAX COLD AND FLU** te neem en dit dringend aan u dokter meld (sien **"MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE"**).

Neem van IBUMAX COLD AND FLU met kos en drank:
Neem **IBUMAX COLD AND FLU** altyd met kos of melk.

Swangerskap en borsvoeding:
Moenie **IBUMAX COLD AND FLU** neem indien u swanger is of u baba borsvoed nie (sien **"MOENIE IBUMAX COLD AND FLU neem indien"**). Dit kan u baba skade aandoen en kan die aanvang van kraam vertraag of die duur van kraam verleng.

Indien u swanger is of u baba borsvoed, win asseblief advies by u dokter, apteker of ander professionele gesondheidsorgwerker in voordat u IBUMAX COLD AND FLU neem.

Bestuur of die gebruik van masjinerie:
IBUMAX COLD AND FLU kan duiseligheid, dubbele of dowwe visie, veranderinge in kleurpersepsie of ander visuele versteurings veroorsaak wat u vermoë om te bestuur of masjinerie te gebruik, kan beïnvloed. Moenie 'n motor bestuur of masjinerie gebruik of enige ander gevaarlike take verrig totdat u weet hoe **IBUMAX COLD AND FLU** u affekteer nie.

Belangrike inligting oor van die bestanddele in IBUMAX COLD AND FLU:
IBUMAX COLD AND FLU bevat laktose. Indien u laktose-onverdraagsaam is, praat asseblief met u dokter of apteker voor u **IBUMAX COLD AND FLU** neem. Indien u aan oorerflike galaktose onverdraagsaamheid of glukose of galaktose wanabsorpsie ly, moet u nie **IBUMAX COLD AND FLU** neem nie. U moet ook nie **IBUMAX COLD AND FLU** neem indien u aan die seldsame Lapp laktase tekort ly nie. Bespreek dit asseblief met u dokter indien u onseker is.

Neem van ander medisyne saam met IBUMAX COLD AND FLU:

Vertel altyd u professionele gesondheidsorgwerker indien u enige ander medisyne op 'n gereelde grondslag neem of gebruik. (Insluitend komplementêre of tradisionele middels.)

Moenie **IBUMAX COLD AND FLU** in kombinasie met die volgende medisyne neem nie:
- Monoamienoksidase inhibeerders, soos fenelsien of moklobemied, vir die behandeling van depressie, want dit kan tot 'n ernstige toename in bloeddruk, wat 'n beroerte of nierskade kan veroorsaak, lei (sien **"MOENIE IBUMAX COLD AND FLU neem indien"**).
- Ander nie-steroïdale anti-inflammatoriese middels, soos aspirien of diklofenak, aangesien dit tot 'n toename in newe-effekte kan lei.
- Kortikosteroïede vir die behandeling van inflammasie in toestande soos asma of artritis, aangesien dit u risiko vir die ontwikkeling van bloeding van die ingewande of maagsere kan verhoog.
- Bloedverdunners, soos warfarien, aangesien dit u risiko vir bloeding kan verhoog.
- Litium vir bipolêre gemoedversteuring, aangesien die ibuprofeen in **IBUMAX COLD AND FLU** litium plasmakonsentrasies kan verhoog en sodoende u risiko vir die ontwikkeling van newe-effekte as gevolg van litiumtoksisiteit kan verhoog.
- Metotreksaat vir kanker of om die immuunstelsel te onderdruk, aangesien die ibuprofeen in **IBUMAX COLD AND FLU** metotreksaat plasmakonsentrasies kan verhoog en sodoende u risiko vir die ontwikkeling van newe-effekte as gevolg van metotreksaat kan verhoog.
- Digoksien vir die behandeling van hartversaking of abnormale hartritmes of kinidien vir die behandeling van abnormale hartritmes, aangesien **IBUMAX COLD AND FLU** in kombinasie met hierdie middels u risiko vir die ontwikkeling van abnormale hartritmes kan verhoog.
- Medisyne, soos klopidogrel, wat 'n invloed op plaatjiefunksie het of antidepressante wat as selektiewe serotonien heropname inhibeerders (SSRIs) bekend staan, aangesien dit u risiko vir bloeding van die ingewande kan verhoog. Bespreek dit asseblief met u apteker indien u onseker is.
- Venlafaksien vir depressie, sibutramien vir gewigsverlies, bisfosfonate (soos alendronaat) vir osteoporose of erlotinib vir kanker, aangesien die kombinasie van **IBUMAX COLD AND FLU** met hierdie middels u risiko vir die ontwikkeling van bloeding van die ingewande kan verhoog.
- Sidovudien vir die behandeling van MIV, aangesien dit tot lae bloedseltellings kan lei.
- Ritonavir vir die behandeling van MIV, aangesien dit tot verhoogde bloedkonsentrasies van ibuprofeen kan lei en sodoende u risiko vir die ontwikkeling van newe-effekte as gevolg van die ibuprofeen in **IBUMAX COLD AND FLU** kan verhoog.
- Trisikliese antidepressante vir die behandeling van depressie, aangesien dit u risiko vir die ontwikkeling van abnormale hartritmes kan verhoog. Bespreek dit asseblief met u apteker indien u onseker is.
- Medisyne wat ergotderivate vir die behandeling van skeelhoofpyn bevat, aangesien dit tot 'n toename in bloeddruk kan lei. Bespreek dit asseblief met u apteker indien u onseker is.
- Teensuurmiddels wat aluminiumhidroksied bevat, aangesien dit die opname van die pseudoefedrien in **IBUMAX COLD AND FLU** kan verhoog, terwyl kaolien (vir die behandeling van los stoelgange) die tempo van opname kan verminder.
- Medisyne wat bloeddruk verlaag, aangesien **IBUMAX COLD AND FLU** hierdie medisyne minder effektief kan maak. Bespreek dit asseblief met u apteker indien u onseker is.

HOE OM IBUMAX COLD AND FLU TE NEEM:
Neem IBUMAX COLD AND FLU altyd presies soos aangedui. U moet met u dokter of apteker bevestig indien u onseker is.

Volwassenes en kinders ouer as 12 jaar:
Neem altyd die laagste moontlike dosis vir die kortste moontlike duur van behandeling.
Neem een tot twee tablette elke 4 tot 6 uur. Moenie meer as 6 tablette in enige 24-uur-periode neem nie. Neem **IBUMAX COLD AND FLU** altyd met kos of melk.
Indien simptome vir langer as 3 dae voortduur, moet u u dokter raadpleeg.

Indien u meer IBUMAX COLD AND FLU geneem het as wat u moes:
Indien u meer **IBUMAX COLD AND FLU** tablette geneem het as wat u behoort, kan u boonste maagpyn, naarheid, braking, hoofpyn, dors, angs, rusteloosheid, prikkelbaarheid, koors, vinnige hartklop, sweet, vergrote pupille, dowwe visie, hallusinasies (hoor of sien dinge wat nie werklik is nie), spierswakheid, bewerasie, hoë bloeddruk, abnormale hartritmes, konvulsies (stuiptrekkings), koma en onderdrukking van u longfunksie ervaar.
In die geval van oordosering, kontak u dokter of apteker. Indien geeneen van hulle beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifbeheersentrum.
Doen dit selfs as u geen ongerief of tekens van vergiftiging ervaar nie. Indien u na die dokter of hospitaal gaan, neem die **IBUMAX COLD AND FLU** pakkie met u saam.

Indien u vergeet om IBUMAX COLD AND FLU te neem:
Indien u vergeet het om **IBUMAX COLD AND FLU** te neem, neem dit so gou as moontlik. Indien dit amper tyd vir u volgende dosis is, slaan die vergete dosis oor en sit u gewone doseringskedule van 1 tot 2 tablette elke 4 tot 6 uur voort. U moet ophou om **IBUMAX COLD AND FLU** te neem sodra u simptome opgeklaar het.

MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE:
IBUMAX COLD AND FLU mag newe-effekte veroorsaak.
Nie alle newe-effekte wat vir IBUMAX COLD AND FLU gemeld is, is in hierdie inligtingstuk vervat nie. Indien u algemene gesondheid agteruitgaan of as u enige ongewenste effekte ervaar terwyl u IBUMAX COLD AND FLU neem, raadpleeg asseblief u dokter, apteker of ander professionele gesondheidsorgwerker vir advies.

Indien u enige van die volgende newe-effekte ervaar, moet u ophou om **IBUMAX COLD AND FLU** te neem en dit onmiddellik aan u dokter meld:
- Dié wat minder dikwels voorkom:
  - o Swelling van die lippe, tong of gesig, veluitslag met jeuk of galbulte, benoude bors of kortasemheid, koors, naarheid en braking, fluitbors, hoes of heesheid (sien **"Neem spesiale sorg met IBUMAX COLD AND FLU"**).
  - o Koors, kouekoors, seerkeel, hoes met sputumproduksie, pyn in die flank, sere wat nie gesond word nie, bloed in die urine, bloeding van die tandvleis, speldepunt rooi kolle op die vel of maklike kneusing.
  - o Braking van bloed of 'n stof wat soos gemaalde koffiebone lyk of passering van bloed per rektum of onwelriekende, teeragtige swart stoelgange (sien **"Neem spesiale sorg met IBUMAX COLD AND FLU"**).
  - o Ernstige maagpyn vergesel van verlies van eetlus, naarheid en braking, oor die algemeen siek voel, koors en kouekoors en opsetting van die maag (sien **"Neem spesiale sorg met IBUMAX COLD AND FLU"**).
  - o Geel verkleuring van die wit van die oë of vel (geelsug), naarheid en braking, verlies van eetlus, koors en pyn oor die lewerarea.
  - o Enige veluitslag met blase (sien **"Neem spesiale sorg met IBUMAX COLD AND FLU"**).
  - o Swelling van die voete, enkels, bene of hande vergesel van erge moegheid, kortasemheid en/of onvermoë om plat te lê as gevolg van kortasemheid.
  - o Onvermoë om te urineer, vloeistofretensie, lae rug- of flankpyn of passering van troebel of donker urine.
  - o Hoor of sien dinge wat nie werklik is nie.
  - o Hoofpyn met 'n stywe nek en naarheid of braking.
  - o Verlies van visie, dowwe visie of dubbele visie.
  - o Gehoorverlies of enige verandering in gehoor.
- Dié waarvan die frekwensie onbekend is:
  - o Borskaspyn.
  - o Bloed ophoes.
  - o Konvulsies (stuiptrekkings).
  - o Oogpyn.
  - o Lekkasie van urine.

U moet ophou om **IBUMAX COLD AND FLU** te neem en dit so gou moontlik aan u dokter meld indien u enige van die volgende newe-effekte ontwikkel:
- Dié wat minder dikwels voorkom:
  - o Hartkloppings, hoë bloeddruk.
  - o Verwarring.
  - o Spelde en naalde in die arms of bene of abnormale sensasie.
  - o Tranerige, rooi, droë, geïrriteerde of geswelde oë.
  - o Onverklaarbare neusbloedings.
  - o Sooibrand of suur-refluks wat progressief vererger, sere op die tandvleis of braking.
  - o Galbulte of jeuk of enige ander veluitslag, insluitende 'n veluitslag oor areas wat aan die son blootgestel word.
- Dié waarvan die frekwensie onbekend is:
  - o U voel asof u gedagtes en gevoelens onwerklik is of nie aan u behoort nie.
  - o Moeilike uitspraak van woorde.
  - o Skeelhoofpyn of erge hoofpyn, floutes, bewing of rukking, of ongewone swakheid.
  - o Veranderinge in kleurpersepsie (bv. alle voorwerpe vertoon 'n rooi of blouerige skynsel).
  - o Los stoelgange (diarree).
  - o Moeilike sluk, swelling van die tong, pynlike tong of inflammasie van die tong.
  - o Afskilfering van die vel.
  - o Spierswakheid.

Newe-effekte wat u aan u dokter moet meld indien dit voortduur of u begin pla:
- Dié wat dikwels voorkom:
  - o Duiseligheid.
- Dié wat minder dikwels voorkom:
  - o Verminderde eetlus of verlies van eetlus, dors of onverklaarbare gewigsverlies.
  - o Depressie, senuweeagtigheid of irritasie, sukkel om te slaap of onvermoë om te slaap, lomerigheid, angs of rusteloosheid.
  - o Loei of suising in die ore, lighoofdigheid of 'n sensasie van beweging terwyl u stilstaan.
  - o Blosing of warmgloede.
- Dié waarvan die frekwensie onbekend is:
  - o Gevoel van verwardheid of vergeetagtigheid.
  - o Bitter smaak of ander smaakveranderinge.
  - o Loslating of afsplyting van die naels of ander naelveranderinge.
  - o Vermeerderde sweet of sterk-ruikende urine.
  - o Spierkrampe of -pyn.
  - o Onverklaarbare, onverwagte en/of ongewone swaar menstruele bloeding.
  - o Swelling van die limfkliere.
  - o Algemene gevoel van ongemak of siekte.
  - o Oormatige speekselproduksie.

Meld asseblief enige ongewenste effekte aan wat u dink as gevolg van **IBUMAX COLD AND FLU** mag wees, veral indien dit nie in hierdie inligtingstuk vervat is nie.

BERGING EN WEGDOEN VAN IBUMAX COLD AND FLU:
STOOR ALLE MEDISYNE BUITE BEREIK VAN KINDERS.
Hou die stulpverpakte stroke in die buitenste karton totdat dit vir gebruik benodig word.
Berg teen of benede 25 °C.
Moenie **IBUMAX COLD AND FLU** tablette na die vervaldatum op die verpakkingsmateriaal gebruik nie.
Neem alle ongebruikte medisyne na u apteker terug.
Moenie ongebruikte medisyne in afvoerpype of rioolsisteme (bv. toilette) weggooi nie.

AANBIEDING VAN IBUMAX COLD AND FLU:
Kartonhouer met 12, 20 of 24 tablette in stulpverpakte stroke.

IDENTIFIKASIE VAN IBUMAX COLD AND FLU:
Oranje tot geel, gladde, filmbedekte, ronde, bikonkawe tablet.

REGISTRASIENOMMER:
40/5.8/0218

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE:
CIPLA MEDPRO (EDMS) BPK
Gebou 9, Parc du Cap, Mispelstraat,
Bellville, 7530, RSA.

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE INLIGTINGSTUK:
09 April 2014

CM530A/SA
7567
Pro-Print